Omgeeles - Antwoordstel: Les 4 : Derde Kwartaal 2019

1. Deel in lief en leed
2. Bid om opening van die woord en vir mekaar
3. Doen saam Bybelstudie
4. Kuier (eet) saam.
5. Bly bid vir mekaar en die gemeente.

.

Vraag 1. Lees gedeelte en laat elkeen noem wat hul hoor.

.

Vraag 2: Hierdie is 'n oop vraag. Gee elkeen kans om te noem en vat saam teen die einde. Sake soos moeilik, alleen, sleg, sonder kerk, moedeloos ens. behoort deel hiervan te wees.

Vraag 3. Laat elk opnoem. Baie soos gebrek aan leierskap, verdrukking van baie, onsekerheid, swak regering, dienslewering, ens.

Vraag 4. God wat deel van hul was van altyd af. Die een wat die enigste Here is. Die enigste wat Almagtig is – anders as afgode van hul tyd. Hul en ons hoef nie te twyfel nie. God het nie verander nie. Ons bly steeds Sy kinders en Sy volk ongeag ons omstandighede.

Vraag 5. Beloftes van

a. Hy sien hul nood en swaarkry raak en sal dit tegelegenertyd verlig/omdraai/verander (hul weer uit ballingskap terugbring). Net so draai God ons probleme om en gee uitkoms op Sy tyd soos nodig of krag om te hanteer.
b. God weet watter goeie Hy aan ons wil gee – die ondersteuning nou, die nuwe kanse en lewe en ook 'n ewige lewe.
c. Sal ons gebede verhoor – as ons bid en vra. Soos ouers kinders se versoeke verhoor – soms ja, soms nie nou, soms nee.

Vraag 6. (wat moet hulle doen)

a. Bou en werk – hul kant bring daar waar hulle is. Aangaan met die lewe en voluit hul deel doen.
b. Die belange van die stad/land bevorder waar hul is. Nie wag vir ander tyd/plek of geleenthede nie. Nou – waar hulle is – hul deel voluit doen – hoe sleg en ongemaklik dit aanvanklik mag wees.
c. Bid vir die stad/land/regeerders. Deel van ons as gelowiges se verantwoordelikheid. Doen ons dit?

Vraag 7. Laat elkeen sy/haar eie mening gee. Beteken wel om nie in sak en as te sit, nie ophou lewe, nie kla en mor en niks doen nie maar bid vir, hard werk, bydrae lewer om die dorp/land voorspoedig te maak want dan sal ons ook gelukkig wees. NB. Moenie wag dat slegte tye ophou nie – doen iets daaraan!! (God helps those who help themselves!!)

<u>Slot.</u> Lees die slot en bid saam.